SOUT VAN DIE AARDE

2 Kon 2: 19-22:

- Die manne van die stad het vir Elisa gesê, kyk, **die ligging van die stad is goed** (area, streek, dorp, stad het baie potensiaal) soos my heer sien, maar **die water is sleg** (dit wat veronderstel is om lewe voort te bring, is sleg), en die **grond veroorsaak onvrugbaarheid** (mens se oorspronklike mandaat is om vrugbaar te wees en om vrugbaarheid te bevorder)
- En hy antwoord, bring vir my 'n **nuwe skottel** (wat nog nooit voorheen vir iets anders gebruik is nie) en **gooi daar sout in**, en hulle het dit na hom gebring.
- Daarop gaan hy uit (hy neem aksie en gaan .. groot opdrag) na die plek **waar die water uitkom** (na die probleemarea) en **gooi die sout daarin** en **sê**: '**So spreek die Here**, Ek het dié water gesond gemaak; daar sal **geen dood of onvrugbaarheid** meer van kom nie
- En die water het **gesond geword tot vandag toe volgens die woord van Elisa wat hy gespreek het** (die sout het dood en onvrugbaarheid verander in lewe en vrugbaarheid)
- En daarvandaan het hy **opgegaan na Bet-El** (house of God) (ons van die huishouding van God – dis waarin ons gebore is by wedergeboorte en dis waarheen ons gaan van hier af)

Sout is nie 'n lisensie nie!

- **Moet nou asb nie die sout-en-water-bediening begin nie!**
- **Ons wapens is geestelik – ons loop nie meer met 'n sakkie sout rond nie**
- 2 Kor 10: 4-5: want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,
- Terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus
- Mat 5: 13: 'Julle is die sout van die aarde ..'
- In die era van die nuwe verbond dra ons nie meer die sak sout nie – ONS IS die sout!!
- Sout moet in die water gegooi word / sout moet aangewend word / in die sak beteken dit niks / het geen effek nie / Avian Park / fietse / gemeente plant vir plaaswerkers
- Ons is geroep om onsself in die situasie te gooi!

Spreek die probleem aan – moenie die probleem spreek nie!!

- ".. Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is .."
- Wie was die grootste? Die water wat dood en onvrugbaarheid veroorsaak het, of die sout?
- Die probleem of die oplossing? - Die sout!
- Wie is vandag die sout? Julle is die sout van die aarde!!
- Hy wat in ons is is groter as hy wat in die wêreld is

The law of the rudder / die wet van die roer - Jak 3: 4-6:

- Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n **baie klein roer** net waarheen die stuurman wil
- Net so is **die tong** ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand

- **Die tong is ook 'n vuur**, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek
- Omdat jy na God se beeld geskape is, het jou woorde / tong ook groot krag! / God spoke the universe into being!
- Deur Sy gesproke woord het Hy alles tot stand gebring!!
- Of jy nou positief/lewe spreek en of jy negatief/dood spreek
- Dood en lewe is in die mag van die tong

1 Joh 5: 4: Want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin

- Ons almal is sout – nie net die pastore en diegene wat voltyds in die bediening is nie!
- Daar waar jy is, kan jy dood/onvrugbaarheid verander in lewe en vrugbaarheid

Om te seën beteken om te bemagtig om voorspoedig te wees

- Ons is die geseendes van die Here / dws ons is goddelik bemagtig om voorspoedig te wees

Ons kan ook die seën van die Here blokkeer

- Jak 4: 6: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade
- Hoogmoed? Jy dink jy sien helderder as ander / ontvang nie inspraak nie / onderwerp jou nie aan gesag nie / liggeraak / nooit verkeerd nie / sê moeilik jy's jammer / maklik offended / dit gaan vir jou altyd oor self – my tyd, my kinders, my loopbaan, my gerief / soek aandag, erkenning by mense / om mense te manipuleer om jou jammer te kry / smartvraat /snobisme – om beter te probeer lyk as ander / om te dink jy kan jou problem self oplos / gewilde een – om te voel jy is te na gekom en daarom skuld die lewe jou!

Mat 5: 1-12: Hoe aktiveer ons die geseende lewe?! / Hoe beland ons in die stroom van God se seeninge!

- Toe Jesus die menigte sien, het Hy teen die berg opgegaan / nadat Hy gaan sit het, het Sy dissipels na Hom toe gekom en Hy het hulle geleer en gesê:
- Geseend (goddelik bemagtig om voorspoedig te wees) is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel
- Dawid wat ark terugbring Jerusalem toe / een ou stabiliseer die ark – dood! / leviete – elke 6 tree slag hulle 'n os / God het 'n standaard!!
- Geseend is die sagmoediges,(in teenstelling met die hoogmoediges) want hulle sal die nuwe aarde ontvang
- Geseend is die vredemakers (in teenstelling met die wat met hulle tong vure aansteek), want hulle sal kinders van God genoem word

Ef 1: 3:

- Geseend is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseen het (verlede tyd!) met alle geestelike seeninge in die hemele in Christus

Seen: Om Goddelik bemagtig te word om voorspoedig te wees

- Bonatuurlike voorsiening
- Bonatuurlike genesing / herstel / restourasie
- Leiding / genesing / bevryding